**Dinsdag 26 April**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:11-17 (Direkte Vertaling)**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:11, 16, 17**

## Vrye vreemdelinge

Petrus leer vervolgde, onderdrukte Christene hoe om as waarlik bevryde mense te leef.

"Eerstens," sê hy, "maak 'n kopskuif. Aanvaar ons is op aarde "vreemdelinge en bywoners", tydelik hier. Ons is op pad na ons eintlike Vaderland waar ons eers regtig tuis en vry sal wees – en so word ons bevry van vrese oor of verlange na of eise op "ons land" (dit kan buitendien nooit ons s'n wees nie, Ps. 24:1, 2). Daarenteen vier ons in ons harte reeds die ware bevryding: "… ons verwag volgens sy belofte 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waar geregtigheid woon" (2 Pet. 3:13).

Tweedens: "Wys julle is vry!" Dit geskied op twee maniere: "Gedra julle goed onder die heidene … omdat hulle julle goeie dade gesien het." Hy dink aan hulle morele lewens: bevry van oorheersing deur "liggaamlike begeertes" – 'n groot faktor in daardie tyd se kultuur van sogenaamde "vryheid" (2 Pet. 2:10, 13, 14). Teenoor die verslawing aan begeertes leef ons "… as vry mense … wat God dien".

Die tweede manier waarop ons wys ons is vry, is wanneer ons, ondanks die flaters en onreg van die owerheid, "… ter wille van die Here onderdanig (is) aan elke menslike (regerings)instelling … die keiser respekteer". 'n Swak regering is beter as chaos, want ons Skeppergod is 'n God van orde (Gen. 1:2). Ons is bevry van haat, vrees en revolusie as middele tot bevryding, want ons glo aan die krag van die "… swaard van die Gees … en bid …" (Ef. 6:17, 18).

"Ons Keiser" het mos geproklameer: "In die wêreld ervaar julle swaarkry, maar hou moed: Ek het reeds die wêreld oorwin" (Joh. 16:33).

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 5*

*Ds. DC (Chris) Coetsee (Emeritus)*